

violence, and narration in white South African writing: André Brink, Breyten Breytenbach and J.M. Coetzee. - Witwatersrand U.P., 1996.

823.914 COE

**Doubling the point: essays and interviews.** - Harvard U.P., 1992.

920 COE

**Boyhood: scenes from provincial life.** - Secker, 1997.

920 COE

**Youth.** - Secker, 2002.

*Fiction*

**Age of iron.** - Secker, 1990.

**Disgrace.** - Secker, 1999.

**Elizabeth Costello.** - Secker, 2003.

**Dusklands.** - Ravan P., 1974.

**Foe.** - Ravan P., 1986.

**In the heart of the country.** - Penguin, 1982 (1987 printing).

**Life & times of Michael K.** - Ravan P., 1983.

**The master of Petersburg.** - Secker, 1994.

**Waiting for the barbarians.** - Ravan P., 1981.

Willowmore > Uniondale > Joubertina > Jeffreysbaai... Met 'n boks vol boeke in die kattebak. Formele verhoë, sitkamers, biblioteke, klaskamers, plaasskure, lesing-lokale, kerke, onder bome, in tuine, op strande, in barakke...enige forum is aanvaarbaar.

As 'n mens haar vra hoekom, dan sê sy: Ek is een van daardie klonte wat altyd - en dikwels tot my eie nadeel - pynlik eerlik is. Dit vrywaar my van leuens herberg, en om valse motiewe as 'n permanente jas te dra. Dis baie maklik om te sê dat ek Afrikaans gaan versprei het en 'n klein stukkie lees-kultuur na die platteland geneem het; hoe edel en magtig die pen is, en al sulke aangeplakte etikette. Ja, dis ook waar. Maar die waarste van waar is dat ek na die kortverhaalbundel, **Nawelstring**, gepubliseer is, moes sorg dat die boek bemark en verkoop word om rys en aartappels en 'n lepeltjie sous op my tafel te sit. Ek het ook vyf ander boeke wat op 'n manier lewendig gehou moet word. Dis my werk. My plig. My

strewes. Boekverkope is 'n wa met hobbewiele. As die skrywer en uitgewer en media nie behoorlik saamwerk nie, strand die wa. Ek was nog nooit 'n skrywer wat 'n boek klaar skryf en dan agteroor sit en kyk hoe word die royalties in my rekening inbetaal nie. Nee. Ek werk myself bloedblase

vir 'n boek, jare nadat dit gepubliseer is. My boeke is soos my kinders: hulle moet onafhanklikheid aangeleer word, maar iewers in die agtergrond bly ek die hoeder.

Maar die tweede waarste waar is dat ek van mense hou. Rondgaan. Nuwe goeters sien. Nuwe opinies uitluister. Subtiele navorsing doen. My breinkas regpak. Die laaste uittog was ook 'n soort van vakansie vir my en my man, wat ek met slinkse draaie omgerokkel het om 'n week verlof te neem en met 'n blik outydse padkos en 'n fles koffie die Karoo in te vaar.

En ewe waar as al die ander ware, is dat ek 'n verpligting teenoor my lesers het. Hulle koop my boeke en het 'n absolute reg om my te ken op 'n ander vlak as bladsyvlak. Dis vir my van gróót belang dat hulle sal weet ek is 'n mens net soos hulle, en beslis geen ikoon of onaantasbare wese nie. Ek lag en huil en

skinder en vloek en bid nes hulle. Ek het ook 'n oortrokke bankrekening en sukkel ook met infeksies en 'n skommelende libido. My yskas is ook soms vuil en my beddegoed van tyd tot tyd pleitend vir 'n skoon oortrek. En wanneer ek dan so in alle windrigtings reis en op vreemde matrasse slaap en by onbekende tafels aansit, is dit doodgewoon 'n lewensreis na die doodgewone mense van die lewe.

**Oor die reaksie van mense tydens haar besoeke het sy net lof...**

Daar daag meesal verstommende gehore op. Oumense in rolstoel, tieners met 'n wonderlig in hulle oë, mans wat pyp rook, doktors en halfgeletterdes; skoolmeesters, ingeligte huisvrouens met skurfgewerkte hande, dominees, boere met 'n ring op hulle hare waar die plaashoed dit uitgeletsel het; selfs al 'n na-operatiewe pasiënt op 'n matras. Die plattelanders het nie spyseniers nie - hulle doen dit self. En so bleddie góéd. Hulle is energiek en vra slim vrae, tot my mond droog geantwoord is.

**Dit is duidelik dat sy nie skroom om sosiale kwessies aan te spreek nie...-dinge soos dobbelverslawing, outisme, die kerk, en so meer. Of dit vir haar belangrik is?**

Ja. En ook nee. Ek skryf wat in my hart is, sóós dit in my hart is. Ek dink nooit 'n tema' uit en skryf dan 'n sistematiese verhaal daarvoor nie. Eerste van alles neem ek die gegewe in my eie hart aan. Gewoonlik omdat dit my ontstel of verwar het. Wanneer ek dit oor 'n lang tyd heen deurgekou het en die gedrongendheid voel dat ander mense daarvan moet weet, op die manier soos my oë dit sien, dan gaan ek oor in 'n sistematiese rat van navorsing en beplanning. Ek wend nooit 'n poging aan om vanuit 'n literêre of intellektuele hoek te skryf nie. Eerder uit 'n hartshoek. Ek hou daarvan om in gewone tale en op gewone maniere te skryf. Partykeer dink ek my werk is bietjie flowery, maar ek wil dit eintlik nie probeer wegskrif nie, want dis 'n ware weerspieëling van my emosionele beleweniswêreld. Ek is 'n mens van

uiterstes. As ek lag, lag ek hard; as ek huil, huil ek hard. As ek baklei, veg ek tot die laaste nael afbreek; en as ek oorgee, draai ek my rug vir ewig op 'n saak. As ek nie daardie aar in my skryfwerk kan vóél pols nie, verloor ek my dryfkrag om verder te skryf. En ja,

## Annelie Botes



Saamgestel deur  
**GRIZÉLL AZAR-LUXTON**

*Ter inleiding van die leeskringbespreking oor Raaiselkind, het ons besluit om meer oor die mens, Annelie, uit te vind en haar aan ons lesers bekend te stel.*

*Nooit gedink dat ons so lekker oor e-pos sal 'kuier' nie - skrywers is mos baie belangrik, veral befaamdes en prysweners, en baie besig - min tyd vir ginnegaap en mense wat honger is vir inligting oor populêre skrywers. Annelie, 'n nie-fieterjasie mens, het egter 'n wonderlike uitgangspunt oor wat sy as haar verantwoordelikheid teenoor die leserspubliek beskou.*

**I**n 'n onderhoud met Carina Diedericks-Hugo vertel sy hoe sy die afgelope jare rondgereis het - van Beaufort-Wes >

**Boekverkope is 'n wa met hobbewiele. As die skrywer en uitgewer en media nie behoorlik saamwerk nie, strand die wa**

iewers moet my stories en styl waarde hê vir my lesers, want **Raaiselkind** is reeds in sy vyfde druk. En eintlik is dit 'n droewige en smartlike verhaal van mense in die diepste ellende.

## Hoekom sy skryf?

Dis 'n vraag wat ek dink meer dikwels aan skrywers gevra moet word. Want ek het baie bedenkinge daarvoor. Die één ding waarvoor ek NIE skryf nie, is vir 'n ego-trip. Ek skryf om gelees te word en om 'n geldjie te verdien. Sedert my vroegste tienerjare, en tot vandag toe, het ek 'n baie hegte verhouding met Dalene Matthee - sy was die bankbestuurdersvrou op Uniondale waar ek grootgeword het. En lank voor Dalene 'n skrywer van formaat was, en toe ek 'n nuuskierige, weetgierige aspirantskrywer was wat patetiese gediggies geskribbel het op oefeningboeke, het sy my een belangrike les oor skryf geleer: moet nóóit 'n lieg aan jou lesers verkoop nie. Dalk, net dalk, is dit my stewigste dryfveer vir skryf: om die waarheid te sê. Nie ander mense se waarhede nie; my eie waarheid soos wat ek en die Here dit uitmaak het terwyl ek staan en aartappels skil het.

## Ofsy voel sy het 'n verantwoordelikheid teenoor gemeenskappe...

Beslis en nóg tien maal beslis. Dokters en dominees en groentesmouse en olifantjieverkopers en parlamentslede en car-watchers en night club-eienaars het almal 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. En die wêreld lyk soos hy lyk, om net een enkele rede: ontduiking van verantwoordelikheid. Iemand het eendag in 'n e-pos-onderhoud vir my gevra: wat in jou lewe het jy gedoen waarvoor jy die spytste is. Toe dink ek lank, twee dae lank. Want ek wou nie lieg nie. En toe antwoord ek: ek is die spytste oor die dinge wat ek NIE gedoen het nie. Soos om stil te bly toe dit tyd was vir praat; om te bly sit toe ek uit my oortuiging moes opgestaan het; om met oop oë onregte te laat geskied wat ek kon verhoed het as die lafaard in my nie so prominent na vore getree het nie.

## Die invloed van 'n skrywersloopbaan op haar lewe

Vir my is my skrywersloopbaan en my persoonlike lewe een ding. Die een is onlosmaakbaar verweef met die ander. Waar die een faal, tel die ander een hom op. Maar om te skryf, vra dat mens sterk sal staan. Selfgeloof, moed, deursettingsvermoë van hoë kaliber. As ek kyk na wat die navorsingsproses van **Raaiselkind** my geldelik gekos het, en hoe my huismense ook maar

daaronder gebars het - sonder dat ek vooraf enige sekerheid oor publikasie kon hê - dan gaan ek aan die bewes. Liewe genade, waar het ek die durf vandaan gehaal? Was ek by malbedonnerd verby? Waar het ek die (on)regsinnigheid vandaan gekry om by Moord en Roof in te bars en te vra: gee asseblief vir my julle slimste, Afrikaansste, ongeskikste man... Waar was my regsinnigheid toe ek die dag vir 'n 23-jarige outistiese *man* 'n babadoek aangesteek het? Hoekom het ek my op eindelose skoolbusritte saam met outistiese kinders begewe, net om heeltyd te keer vir my bril en my oorbelle en my sanity? Hoeveel nagte het ek myself nie wakker gehuil nie? Nóú nog suffer ek onder die naarmakende beelde van 'n lykskouing op 'n kind. En gaan aan't ruk as ek dink aan die dag nadat ek uit die tronk gekom het en vir 'n apteker moes gaan vra hoe ek moet maak met die luise in my skaamdele? Here, dis vreeslik. Maar ek, en niemand anders as ek nie, het dit gekies.

Skryf is seker een van die eensaamste en onsekerste beroepe op aarde. Omdat ek in 'n klein meenthuis bly, is daar nie spasie vir 'n kantoor of afsonderlike skryfkamer nie. Die hoekie waarin ek my lessenaar en boekrak het, het nie eens 'n deur wat kan toemaak nie. Ek doen maar my ding so tussen alles deur. En my huismense moet maar daarmee saamleef. Ek werk dikwels in die nag, omdat die voordeurklok of telefoon nie dan lui nie, en die kompleks se kinders nie kom koekies of pleisters vra, of my twee rand betaal om hulle met mondeling te help nie. Maar ek werk ook deur die dag; net wanneer ek 'n kans kry.

Skryf is nie 'n wondermoment van inspirasie - en toe skielik lê die storie voor jou blootgelê nie - nee. Skryf verg uiterste dissipline en inspanning. Wanneer daar niks in jou is wat wil geskryf wil wees nie, moet jy van iewers vandaan die inspirasie en oortuiging en kreatiewe krag tap. Jy moet.

## Gaste is 'n plesier én 'n probleem...

Daar gaan nie 'n enkele week verby dat ek nie vreemde mense in my huis ontvang nie. En in 90% van gevalle bly hulle vir ure. Sommige mense is verby die grense van interessant, ander is gruwelik vervelend. Omdat ek nie 'n groot huis het nie en sonder huis- of tuinhulp werk, vra dit baie van my om te sorg dat my plek kuierbaar is. En ek koop nie koeke by winkels nie, ek bak self wat te bakke is. Dis die werk van my hande, en van my siel. Ek is so goed ek kan vir my gaste. Want as hulle die moeite doen om van daar doer af hulle pad deur 'n vreemde

stad tot by my huis te baan om 'n kopie te laat teken, of sommer net te kommunikeer, is hulle die moeite werd om voor goed te wees. Dieselfde geld vir leeskringe wat bel of e-pos. My telefoonnommer en e-posadres is nie private besit nie. Dis iets waarin ek voel ek nie die reg het om my van die wêreld af te sonder nie. Dis 'n prys wat ek betaal omdat ek van lesers afhanklik is. En as ek kon oorkies, kies ek dit dieselfde. Want saam met elke lekker saak, is daar maar altyd die onlekker sake wat gehuisves moet word. En sonder skryf sal my lewe leeg wees.

## Oor resensente

Resensente is nodig, baie nodig. Maar daar is 'n tendens by resensente om die soeklig op die negatiewe te laat val.

Soms voel ek om my hare uit my kop te ruk wanneer resensente hulle voet so liederlik in enige skrywer se keel afdruk. Daar's 'n ou spreekwoord wat sê: 'Never criticise a man until you have walked in his moccasins for two weeks...' Elke boek het 'n swaar pad. Wanneer ek deur biblioteke of boekwinkels stap, maak dit altyd 'n skerp indruk op my oor hoeveel hardepad en bittersweet skrywers in totaliteit moes uithaal om soveel duisende boeke op soveel duisende boekrakke te kry. Dis verbysterend. Kritiek moet altyd 'n opbouende en leersame ondertoon hê, en daar moet nooit persoonlik geraak word nie. Resensente behoort hulle kritiek, na weerskante toe, beter te motiveer met direkte verwysings na die teks.

## Oor Afrikaans

Ek is bepaald uit die oude doos en 'n agtereros, want ek hou nie van 'n argelose taalvermengery nie. As dít is hoe ons Afrikaans wil probeer red, kan ons maar hensep. Want dan red ons geensins Afrikaans nie; ons skep 'n nuwe dialek wat beslis nie Afrikaans is nie. So, hoekom het hierdie dialek-praters nie liewer 'n splinternuwe mikpunt nie: kom ons skep 'n nuwe taal wat amper soos Afrikaans is, en amper soos Engels... Natuurlik is daar wonderlike woorde wat seepglad soos krale by die mond uitkom, en wat oorgeneem is uit Engels. Ek is nie pro redelike vermodernisering nie, maar wragtie, daar is 'n grens aan alles.

## Oor swetstaal

Ek moet bieë: ek is nie 'n vreeslike dame as dit my taalgebruik kom nie. So, moet asseblief nie die idee kry dat ek 'n engel met 'n skoon mond is nie. Intendeel. Maar wanneer mens skryf, handhaaf jy 'n mate

## Oor haar vertaalde werke

*Raaiselkind* is in Nederlands, *Raadselkind* en Engels (*Riddle child*) vertaal. *Ons het so 'n paar vrae hieroor gehad...*

**Kies jy jou eie vertaler wanneer dit by vertaling kom?**

In 'n vreemde taal wys die uitgewer 'n vertaler aan. Wanneer dit by Engels kom, vertaal ek self en kry 'n redakteur wat my vertaling skoonkam en herrangskik. Onthou dat ek in plein Afrikaans in die Karoo grootgeword het en dat my Engels soms skrikwekkend klink!

**Hoe na werk jy met jou vertaler - skakel julle gereeld?**

Met *Klavertje Vier* het ek heel min kontak met die vertaler gehad. Maar met *Raadselkind* - waar daar om sonderlinge persoonlike omstandighede nie 'n uitgewer of literêre agent tussenin was nie - het ek geweldig baie kontak met die vertaler gehad. Weekliks, en dikwels meer.

**Hoe het dit gebeur dat die boek vertaal word - was die onderwerp die motivering?**

My vorige roman, *Klawervier*, is ook in Nederlands vertaal. Dit is gereël en bewerkstellig via my Suid-Afrikaanse uitgewers en 'n oorsese literêre agent. Toe *Raaiselkind* verskyn, het ek die leeuemoed gehad om direk met my Nederlandse uitgewers te skakel en het wonder bo wonder daarin geslaag om die regte direk aan Arbeiderspers in Nederland te verkoop.

Alhoewel *Raaiselkind* in 'n eg Suid-Afrikaanse milieu geset is, is outisme 'n universele verskynsel waaroor daar werklik min bekend is. Outisme het ook 'n raaiselagtige en geheimenisagtige aura daarrondom. Maar of die boek in Suid-Afrika of Mexiko sou afspeel, die eg menslikheid en diep emosionele belewenisse daarvan bly deel van enige volk in enige deel van die wêreld.

**Hoe werk so 'n vertaling in terme van, byvoorbeeld, milieu, die mense, sodat lesers in 'n ander taal kan identifiseer met woorde, gebruike, ensovoorts, wat eie aan ons land is?**

Daar word maar werklik min verander aan dinge soos die gebruike van 'n spesifieke land of etniese groep. Miskien juis omdat dit is hoe die wêreld van ander wêrelde en mense leer. 'n Boek oor, byvoorbeeld, Indië word tog nie aangepas sodat 'n Suid-Afrikaner daarmee moet kan vereenselwig nie. Die Suid-Afrikaanse leser van só 'n vreemdsoortige boek is veronderstel om inherent self die aanpassings en 'leer'werk te doen. In *Raaiselkind* woon Miriam in 'n township, en dit bly nêr so in die vertaling. Alleenlik op daardie manier kan ander lande se mense leer van townships.

**Word daar in die Nederlandse vertaling woorde oorgeneem uit Afrikaans?**

In die Engelse vertaling, ja, nogal. Soos *abba* en *bliksem* en *Nagmaal* en *grootkerk*. Maar dit word gebruik in 'n konteks wat selfverklarend is. Die Engelse leser hoef nie te wêet wat is *Nagmaal* nie, omdat dit met behulp van 'n kopprentjie geskets word. In Nederlands is daar 'n woordenlijst agter in die boek, met 'n kort verduideliking daarby. Van woorde soos, byvoorbeeld, *lokasie*, *koedoe*, *boegoeyn*, *moederskamer*, *sosaties*, *doilies*, *tannie*...

**Is stukke uitgelaat uit die boek omdat lesers dalk nie met dele daarvan kan identifiseer nie - is daar dele herskryf om by die Nederlandse gehoor aan te pas?**

Niks is uitgelaat nie. Maar hier en daar is 'n woordjie of kort sinsnedetjie bygevoeg om iets net 'n bietjie meer verstaanbaar te maak. Byvoorbeeld, *She had to abba him on her back*...

**Dink jy dit kan dalk tot 'n toneelstuk in Nederland lei?**

*Raadselkind* is reeds in sy derde druk in Nederland, en dit sê nogal baie. Ja, ek dink met die nodige woord-aanpassings en die spoed waarmee gepraat word, kan dit 'n suksesvolle toneelstuk in Nederland wees. Die dubbel-nie sal weggewerk moet word, daar sal na sekere werkwoorde gekyk moet word. Die Nederlanders ken, byvoorbeeld, nie die woord *kaasmeer* nie, en het dit vervang met *vanilla kwark*, wat 'n soort jogurt is. Die woord 'baie' bestaan nie, en sal vervang moet word met *veel* of *erg*. Maar dis klein goedjies. Die toneelstuk soos *Saartjie Botha* en *Marthinus Basson* dit as geheel verwerk het, kan toneelgewys nêr so planke toe gaan in Nederland. Maar, o hel, waar sal die fondse vandaan kom? Tensy die Nederlanders *Saartjie* se teks vertaal en hulle eie ding doen...

**Was daar 'n ooreenkomst/verskil tussen die reaksie van die Nederlandse lesers teenoor die Suid-Afrikaanse lesers?**

Ek weet nie. Regtig nie. Maar dat die boek byval vind daar oorkant, is nie altemit nie. Al my werk is geanker op 'n besonder sterk emosionele inslag. En ja, die mens is mos nou maar een maal 'n emosionele wese. *What's good for the goose, is good for the gander*... Waarmee die Nederlanders egter nie kon vereenselwig nie, is die min voorregte wat gestremdes in Suid-Afrika geniet.

**Is daar enige iets ekstra in die vertaalde weergawe soos insig/diepte wat nie in die Suid-Afrikaanse weergawe is nie. Hoe verryk Nederlands die storie?**

Die ou-ou sirkusmense het gesê: *what I lose on the swings, I gain on the roundabout*... As mens die Afrikaans en Engels en Nederlands langs mekaar begin lees, dan sien jy die ou sêding van die sirkusmense baie duidelik raak. Die Afrikaans is vir myself die warmste. Maar, allamagtig, daar is dele wat in Engels en Nederlands onvergelykbaar pragtig uitgekom het.

**Is daar enige ander vertalings van Raaiselkind?**

Net Engels en Nederlands. Maar ek sit met hande gevou soos 'n hottentotsgot en bid dat daar nog tale sal volg. Vir my sak se onthalwe, en vir outisme se onthalwe.

**Ek is onder korreksie maar ek dink dit is seker die eerste boek wat jy geskryf het wat in Nederlands vertaal is - wanneer jy jou volgende boek aandurf - sal jy dit skryf met die moontlikheid van 'n vertaling in jou agterkop of werk dit nie so nie? Indien wel sal jy dit dalk anders aanpak?**

*Klawervier* is ook in Nederlands vertaal. En ook baie suksesvol in Duitsland uitgereik as *Berg der verlorenen träume* (Direk: *Mountain of the lost dreams*).

Ek dink net in Afrikaans en wanneer ek skryf, dink ek glad-glad-glad nie aan hoe hierdie of daardie sin sal vertaal nie. Die enigste ding wat ek uit *Klawervier* geleer het, is om nie sulke rasegte Suid-Afrikaanse name te gee nie, soos, byvoorbeeld, *Kleinjannewarie* en *Stopperman*. Toe ek *Raaiselkind* geskryf het, het ek gedroom oor moontlike vertaling en daarom het ek die name so universeel moontlik probeer kies. Byvoorbeeld, *Gunter*, *Miriam*, *Jeremia*, *Ingrid*, *Dawid*, *Alexander*, *Hannah*...



## Annelie in fokus

*Op die versoek of sy omgee om vir ons haar CV te gee, kry ek hierdie stukkies lekker in my e-pos posbus... Hier en daar is bygevoeg.*

Gebore Junie 1957 onder die teken van die Kreef op die plaas Grootfontein in die Kammanassie naby Uniondale. Gedoopt, geskool, getroud op Uniondale. Behaal in 1986 'n onderwyslisensiaat in klavier aan Unisa.

Sy is die jongste van twee dogters en is gebore toe haar pa, 'n angina-lyer al 50 was. Haar liefde vir stories het sy van hom gekry.

Chris, haar man, werk by Telkom as 'n kursusontwerper. Haar seun is 'n hyskraanoperateur in London en haar dogter 'n au pair in Holland.

Vandat sy kan onthou, het sy maar geskryf. Eers met renosterbosstokkies in die sand en later op haar ma se sigarettoboksies. Haar ma het vir haar en haar sussie lang rokke gemaak, haar pa het tolletjies op ou skoolskoene vasgekap, dan was hul juffrou vir die plaaskinders. Sy het Bybelverhale opgemaak en nuwe woorde vir kerkliedjies geskryf. Op koshuis het sy vir haar ma briewe geskryf. Vergesogte dramas van die koshuislewe. Sy het nooit van skoolwerk gehou nie, maar elke dag 'n opstel ingegee. Teruggekry vol rooi penstrepe en onwelvoeglike woorde.

Haar eerste kortverhaal is in **Die Brandwag** gepubliseer toe sy 18 jaar oud was, toe val haar tikmasjien van die kas af en dit was die einde van haar geskryf. In 1993 word sy gediagnoseer met diabetes en dog nou gaan sy blind word en haar bene verloor. Toe begin sy skryf. Die volgende vier jaar het 22 van haar kortverhale en novelles die lig gesien in **Sarie** en die **Huisgenoot**. Die prop het losgekom.

Twee jaar later verskyn haar eerste roman, **Trippel sewe**, op die rak. Annelie se verhaal van 'n mens wat vasgetrek raak in die magtige web van dobbelary. In **Rooi Rose** van 20 September 1998 het sy haar hart uitgepraat oor haar eie dobbelverslawing en hoe sy van rykdom, na dobbelskuld en armoede beweeg het en dringender, vuriger bly dobbel het. Van hoe sy haar gesin verwaarloos het, selfs van haar man geskei is... en later weer met hom getroud is. En eintlik met die skryf van fiksie genees is. Nagenoeg 80 kortverhale het reeds in tydskrifte verskyn. Sy het ses boeke gepubliseer - **Trippel Sewe**, **Ribbokvoete**, **Klawervier**, **Trousseaukis**, **Raaiselkind** en **Nawelstring**.

Aanvanklik het sy eerste aan **Ribbokvoete** begin skryf, maar dis nie eerste gepubliseer nie.

Haar derde roman, **Klawervier**, word bekroon met die ATKV Prys vir gewilde prosa. Dit is 'n natuurroman wat oor mense, en die verweefdheid van mense handel. Annelie was in matriek toe sy albei haar ouers maande na mekaar verloor het. Selfs vandag sukkel sy nog om dit te verwerk. Sy sê: 'Ek dink ek het met **Klawervier** my pa probeer ken, deurdat ek in Daniel Verryne se kop probeer inklim het en Daniel se spyte en blydsappe in die lewe probeer verstaan het.'

Dertien kortverhale wat in die **Huisgenoot** verskyn het word uitgegee as **Die Trousseaukis en ander stories**. In 2001 verskyn haar vierde roman, **Raaiselkind**. Sy het drie jaar aan die storie geskryf.

Van nering is sy 'n klavieronderwyseres en kerkkorreliste. Maar van Blackjack, Poker en Roulette kan jy haar niks vertel nie.

Ten slotte sê sy: 'Ek hou nie van CV's nie, sê sy. Want CV's teken net die goeie kant van 'n mens. En dis oneerlik. Ek het baie foute, en ek steek hulle nie weg nie. Daar is niks omvangryk aan my nie, sê sy. Ek is 'n doodgewone mens wat skinder en huil en 'n overdraft het. Omdat ek 'n Kreef is, is ek 'n huismaker by uitstek. My lewensideaal is werklik om 'n rustige en versorgende vrou en ma te wees. Maar dit bly my ontwyk. Al in die lewe waarvoor ek nie kans sien nie, is bergklim en bungee-jumping. Die dinge wat my die meeste aantrek in die lewe is kerse, reën, die ruising van die see en om in die middel van die nag wakker te word ná 'n mooi droom. My grootste afkeure is as iemand dink ek is onnosel, as die bergwind waai en wanneer my hande taai is.

Eendag wil ek nog na 'n simfonie-orke in La Scala gaan luister. En Tibet toe gaan, en kaalvoet in die strate van Jerusalem loop. As ek my lewe kon oorhê, sal ek net een ding verander: Ek sal baie meer op my instinkte staatmaak vir visie en oorlewing.

Dis ek. Niks méér as dit nie. Maar ook niks minder nie.'

*Baie interessante, diep en beslis uiters gekompliseerde mens, dié.*



van respek. Daar is 'n wye mark daarbuite - kinders en oumense ook - wat jou skryfsels moet lees, en mens moenie onnodiglik afstoot nie. Vloekwoorde moet altyd funksioneel wees. Daarmee demonstreer jy 'n karakter se woede of magteloosheid of klasstand of denkvlakke. 'n Mens moet altyd kyk of jy nie 'n vloekwoord kan vervang met 'n ewe beskrywende woord nie. Hoekom sal ek sê: ek was fokken bly... as ek met ewe veel impak kon sê: ek was verskriklik bly.? 'n Waardige dame keer my

vroeër vanjaar in 'n winkelsentrum voor en kats my omdat ek so vloek in **Raaiselkind**. Nee, sê ek, ek weet nie van een enkele plek in die boek waar ek gevloek het nie. Is, sê sy, daar's 'n klomp moere en donners en bliksems en Jirre's in die boek. O, sê ek gemaak-verbaas, tannie bedoel nou seker DAWID het gevloek, of EVERT... Maar dis nogtans vloek, sê sy verontwaardig. Dit het my gekos vir haar 'n koppie tee en 'n skon koop en 'n halfuur lank met haar redeneer oor mense en die tale wat hulle

praat, en hoedat my eie moraliteit of sienswyse in der waarheid nie 'n snars daarmee uit te waai het nie. Ek is maar net die medium waardeur die karakters praat, en ek skryf maar net wat ek by karakters hoor. Ek kon haar nie oorreed nie. Maar ons is vredig uitmekaar, omdat ek haar daarop gewys het dat ek immers nêrens p-woorde en f-woorde ingedwing het nie.

En ja, om sommer hierby aan te sluit: ek verpes blatante sekstonele. Om oor goed soos ereksies en semen en herhaalde

# BOEWÊRELD

klimakse en nat koeke te skryf, is vir my afstootlik. Ons weet almal wat tydens die seksdaad gebeur. Dis glad nie nodig om dit oop te spalk nie. Selfs as ek 'n verkragtingstoneel of kindermisbruik sou moes beskryf, sal ek dit so subtiel moontlik doen. Laat elke mens maar die volledige prentjie volgans sy eie morele waardes inkleur. As ek 'n sekstoneel skryf, laat ek dit liewer heeltemal weg voor ek 'n kommerie en lekery en instekery aan die leser opdring.

## **Oor haar skryfstyl**

Noem sy dat sy nie anders kan as om in terugflitse te skryf nie. Dit was nog altyd so - al my vorige romans en baie van die kortverhale ook. Maar dis nie asof dit uitgedink is nie. Ek het baie min - eintlik geen - kennis

van al hierdie teorieë en goed nie. Behalwe vir my onderwyslisensiaat in klavier, het ek nie die letterkunde verder geleer as maatriek nie, en ek wil eintlik ook nie. Ek lees ander skrywers, maar probeer nie soos hulle skryf nie. Ek skryf soos ek praat. Ek soek en krap altyd vir 'n eenvoudiger, bekender woord. Korter sinne. Eintlik is my boeke baie soos ek is - ek raak verskriklik opgewonde, ek huil, lag, en raak kwaad. Ek voel dinge, en baie keer trek ek my dit aan. Dis sulke dinge wat ek heeltemal spontaan in my werk weergee.

## **Of daar 'n nuwe boek te wagte kan wees?**

Miskien eers hier na 2006 se kant toe. Ek het ses boeke in agt jaar geskryf, waarvan ek twee self vertaal het. En nog omtrent

80 kortverhale ook. Ek is moeg. Sê maar beroepsvoos. Ek is stadig gaan besig met die navorsing en het reeds 'n damn goeie idee wat ek wil doen. Maar die krag en energie kom tans kort. Die titel sal *Tula-Tula* wees, en dit sal handel oor die effek van bloedskeinde op die enkeling. Maar dit gaan nie 'n referaat wees nie, ook nie 'n ossewa-verhaal of 'n politiekery nie. Dit gaan 'n storie wees. 'n Aangrypende storie. Ek dink deel van my huidige energieeloosheid en domheid is dat ek bang is ek kry nie die boek geskryf nie; dat dit uiteindeelik buite my begrip gaan lê. Maar, ja, ek het nog voor elke roman só gevoel.

E-pos: [anneliel@telkomsa.net](mailto:anneliel@telkomsa.net)